# GEMEENTEBULLETIN

**26 NOVEMBER 2021**

## EREDIENSTE

### KERSSANGDIENS | SONDAG 28 NOVEMBER

**Ons sing liedere van hoop**

| | |
|---|---|
| Verwelkoming en bedankings | Callie Visagie |
| Seëngroet | Callie Visagie |
| Gemeentesang: Hoor die blye eng'lelied | Coram Deo en Kwintet |
| A Christmas carol - A Silvestri | Kwintet |
| Gemeentesang: Herders op die ope velde | Coram Deo |
| Gedig: God as magtige magneet - D J Opperman | René Potgieter |
| Prys die Heer | Erick Zulch, Larisa Gerber |
| Skriflesing: Luk. 1:26-35, 38 | Hanno Ackerman |
| Die Heiland is gebore (verw. L van Loggerenberg) | Liana, Riëtte, Louis |
| Gemeentesang: Stille Nag | Coram Deo |
| In the bleak midwinter - G Holst | Kwintet |
| Skriflesing: Luk. 1:46-55 | Zandra Duvenhage |
| Kort boodskap | Callie Visagie |
| Gedig: As jy sing - Ivor Swartz | Philipp Dietmann |
| Gemeentesang: Somerkersfees | Coram Deo |
| Gedig: God wat ruik na strooi en stof - Wilhelm Jordaan | Marius Breytenbach |
| Gemeentesang: Kom alle getroues | Coram Deo en Kwintet |
| Keltiese gebed | Why Duvenhage |
| Met middernag | Johannes & Raimondo |
| Seëngroet: Mag die genade van Jesus Christus . . . | Predikante Stellenberg |
| Uitstap: "Watermusiek uit Suite nr. 1 - G F Händel | Kwintet |

Offergawe by deure: Kampe vir minderbevoorregtes

KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

Sanggroep:
Liana Smit , Louis van Loggerenberg, Riëtte Breytenbach
Koperblaaskwintet, deel van die *CapePeninsula Chamber Orchestra*: Renaldo Wales, Allister McDonald (Trompet), Len Worthington-Smith (Franse horing), Peter Worthington-Smith (Tromboon), Craig Nicholas (Tuba)
Duet 1: Erick Zulch en Larisa Gerber
Duet 2: Johannes en Raimondo van Staden-Slabbert
Fluit: Elana Wessels
Dekor: Anna-Marie Liebenberg
Programme: Annibrand Junior

## FLESSE VOL LEKKERS

Ons samel vanjaar weer glasflesse vol lekkers, vir minderbevoorregte kinders en gesinne in. Bring jou bydrae saam na die Kerssangdiens op Sondag 28 November om 08:30 en plaas dit in die voorportaal van die kerk in die mandjies onder die Kersboom.

## GEMEENTEBRAAI

**Vrydag 3 Desember om 19:00 in die markplein.**

Kom kuier saam, bring jou eie vleis en drinkgoed. Vuur, roosters en braaigereedskap word voorsien. Dit is die enigste en laaste saamkuiergeleentheid van die jaar. Geen besprekings is nodig nie. Daar is ook lekker speletjies vir die kinders.

## AFLOSKLANKOPERATEUR

Hoërskoolleerders, studente of jongwerkendes met 'n aanleg vir multimedia-aanbiedings en ook belangstel om ondervinding as klankoperateur te bekom, deur die klank tydens eredienste te behartig, word benodig. Vergoeding word aangebied. Kontak asb. vir Hanlie by hanlie@stellenberg.co.za indien jy belangstel.

## GASVRYHEIDSBEDIENING

Is jy iemand wat dit geniet om mense tuis te laat voel? Meld dan asseblief by ons gasvryheidsbediening aan en help ons om nuwe lidmate in die gemeente te verwelkom deur by die aanbieding van nuwe-intrekkerfunksies betrokke te raak en ook opvolgwerk te doen. Kontak ds. Marius Breytenbach by marius@stellenberg.co.za/ 082 376 6053 indien jy op die wyse betrokke wil raak.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

## ANNIBRAND JUNIOR

Geen kleuterkerk en kategese op Sondag 28 November.

**Dagkamp op 5 Desember**

Graad 1 tot 7 word uitgenooi na 'n avontuurdagkamp by Taaibosch-kampterrein, Durbanville. Besonderhede asook inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za.

## STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## TERUGVOER OOR VRAELYSTE

Baie dankie aan die meer as 400 lidmate wat terugvoering gegee het oor die invloed van die Covid-19-pandemie op die gemeentebediening en lidmate se geloof. Nuttige inligting is ingewin wat deur die kerkraad gebruik word om aanpassings te maak in die wyse waarop Stellenberg funksioneer. Die belangrikste sake wat uitgewys is, word soos volg deur Dirk Brand, leierouerderling opgesom:

- Die gemeente is oorwegend positief. Mense het ten spyte van die swaarkry wat die pandemie veroorsaak het, aangepas en mekaar ondersteun. Daar bestaan dankbaarheid vir die gemeente se bedieningsmodel in dié tyd en die gemeente as 'n geestelike tuiste is opnuut bevestig.
- Daar is nuwe geleenthede vir geestelike groei. Alhoewel baie mense aangedui het dat hulle tydens die pandemie geestelik gegroei het, is daar ook heelwat ander wat sukkel en ondersteuning nodig het.
- Daar is 'n behoefte aan meer persoonlike kontak. Die fisiese afstand wat die inperkingsmaatreëls geskep het, het 'n negatiewe impak op mense gehad en die behoefte aan persoonlike kontak, op 'n individuele basis, sowel as by groepsgeleenthede, is bevestig.
- Die digitale bediening (eredienste, dagstukkies, Bybelskool, kategese, telefoonoproepe, sosiale media en webwerf) het nuwe mense, selfs van oorsee, by ons gemeente betrek. Dit vorm nou 'n belangrike deel van Stellenberg se bediening.
- Gereed vir verandering en vernuwing. Dit blyk uit die vraelys dat mense positief is oor vernuwing (een van die gemeentewaardes), wat onder andere in die eredienste gestalte kry, maar ook in ander fasette van ons kerkwees.
- Die vlugvoetige benadering van gemeenteleiers om tydens hierdie uitsonderlike tyd leiding te gee en vernuwend te dink, blyk die regte benadering te wees. Dit kon ons slegs doen omdat ons **behoort aan** God en aan 'n geloofsgemeenskap wat saam 'n verskil in die wêreld maak.
- Die kerkraad het besluit om vanaf 2022 eredienste weer soos voorheen in te rig met die oggenddiens om 09:00 in die kerk en familiediens om 09:00 in die kleinsaal. Volledige besonderhede sal volg.

### EDELWEISS HUISDIENS

28 November 18:30

Goed, beter, slegste. . . of God?

Prediker 5:9-6:9

### VROUEBYBELSTUDIE

Lede van die Vrouebybelstudie word genooi na die afsluiting op Maandag 6 Desember om 10:00 in die kleinsaal. Kom geniet vir oulaas in 2021 'n lekker koppie koffie, kom luister na God se beloftes en neem dit met jou saam vir die Kersfeestyd.

### KERKKANTOOR


Die kerkkantoor open op Donderdag 2 Desember. Leraars kan intussen per e-pos of op hulle selfone bereik word. Kontak kantoorpersoneel per e-pos of skakel 081 045 2428.

## TIENDEMAANDINSAMELING

In November vind die gebruiklike tiendemaandinsameling plaas. In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend.

Dankie vir jou bydrae oor die jare heen en dat jy op dié wyse gestalte aan die werk van die Here gee. Die onderstaande tabel toon hoe die tiendemaandinsameling vorder.

**Tiendemaandinsameling 2021**




## STELLENBERG BYBELSKOOL

Stellenberg Bybelskool bied aan: Hoop in hooplose tye. Die Bybelskool het hierdie jaar probeer aandag gee aan Bybelboeke wat ons selde lees en wil die jaar nou met 'n kort drie-weke-kursus oor die Bybelboeke Ester en Daniël afsluit. Dié twee Bybelboeke praat spesifiek met gelowiges oor hoop te midde van moeilike tye. Kyk gerus aanlyn op www.stellenberg.co.za na die kursus.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Zilé de Kock is as ouderling tot die kerkraad verkies. Ons bid haar seën op haar bediening in die gemeente toe.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.

### BANKBESONDERHEDE

NG kerk Stellenberg

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005

### SNAPSCAN